Kwalifiserende tye – uitgedien?

deur **dr Paul van Dam**

Deur met kwalifiserende tye weg te doen, spaar ons perde daardie bykomende las en risiko

Die uithouritsport is uniek – maar tog ook nie. Uniek, ja, as perdesport wat nie met ander perdesporte vergelyk kan word nie, maar ook nie uniek nie omdat dit, soos meeste ander sporte, deur verskeie fases van ontwikkeling gegaan het en steeds gaan.

Die sport het in Suid-Afrika in alle erns begin gedurende die vroeë sewentigerjare, aanvanklik geskep as toetsgrond vir die Arabierperd, wat nie net mooi is en geskou kan word nie, maar ook goeie atlete is en oor besondere uithouvermoë beskik. Aanvanklik was die sosiale aspek van die sport net so belangrik as die mededingendheidsaspek. Aande om die kampvuur saam met ander wat net so versot was op perde, was 'n hoogtepunt.

Verandering en groei

Maar in sport is prestasie belangrik. Meer en meer ritte het op die jaarkalender verskyn. Die wenaspek het belangriker geword, en ruiters het hulle perde begin voorberei om te kan wen. Tye het verbeter en die gemiddelde spoed het toegeneem. Streekstrukture ("unies") is geskep en streekspanne het by Fauresmith, nou die nasionale kampioenskap, teen mekaar meegeding. En toe kom die strewe om nasionale kleure te verwerf. Internasionale mededinging was egter nie moontlik nie. Deure na die res van die wêreld was toe en nie een van die ander lande in Suider-Afrika het die sport beoefen nie.

'n Unieke oplossing is gevind. Vir elke rit is 'n voorgee bereken. Die formule is beskikbaar vir dié wat daarop wil ingaan. Kortweg is dit gegrond op die verskil tussen 'n standaardspoed van 23 km/h en die gemiddelde spoed van die vinnigste vyf ruiters wat die betrokke rit voltooi het.

Kwalifiserende tye

Die voorgee is gebruik om die uitslae van alle ritte met mekaar te vergelyk. Vir elke baan is 'n maksimum tyd bereken, gebaseer op die standaardspoed van 23 km/h. Ruiters wat die rit in 'n korter tyd voltooi het, het dan gekwalifiseer vir insluiting op die kortlys mits hulle dit drie keer in een seisoen kon doen – vandaar die "kwalifiserende tye". Suid-Afrikaanse senior- en juniorspanne is jaarliks op die nasionale kampioenskappe gekies, en het teen die spanne van die verskillende unies meegeding.

Intussen het uithouritte as sport in Botswana en Namibië ontwikkel. Dié lande het spanne ingeskryf vir die rit te Fauresmith, waar hulle teen die Suid-Afrikaanse span (steeds gekies op grond van die voorgeestelsel) deelgeneem het. Die spankompetisie het later uitgebrei, met 'n addisionele been by Walvisbaai. Internasionale mededinging was nou 'n werklikheid.

Internasionale deure het begin oopgaan en ruiters kon teen die res van die wêreld deelneem. Hierdie byeenkomste vind plaas onder die reëls van die Internasionale Perdesportfederasie (FEI). Dit het ander veranderinge tot gevolg gehad (lees gerus die artikel hieroor in die Oktober 2006-uitgawe van *SA Horseman*). Namibië en Botswana het versoek dat die driehoekige byeenkoms in Suider-Afrika ook onder hierdie reëls aangebied moet word. In 2006 is die byeenkoms vir die eerste keer by 'n ander plek as Fauresmith aangebied. Hoewel hierdie spanne nie volle SA-kleure verwerf nie, is dit steeds verteenwoordigende Suid-Afrikaanse spanne. Tog is daar in 2006 ook 'n span gekies by Fauresmith, steeds op grond van die voorgeestelsel, wat in 'n ietwat afgewaterde kompetisie teen die uniespanne deelgeneem het, en dieselfde kleure verwerf het.

Ook het spanne van Suid-Afrika begin deelneem aan wêreldkampioenskappe, beide vir seniors en juniors/jong ruiters. By hierdie kompetisies verwerf ruiters volle SA-kleure (Proteas).

Nou die vraag!

Noudat daar geleenthede is waar ruiters teen spanne van ander lande kan deelneem – hetsy in die wêreldarena of in Suider-Afrika – hoekom wil ons nóg 'n span kies om teen uniespanne te ry? Doen dit nie afbreuk aan kleure nie? Kan mens regtig die kleure wat toegeken word vir 'n wedloop teen ander lande, ook toeken vir 'n

Uithouritte het ook as sport in Botswana en Namibië ontwikkel. Hulle het spanne ingeskryf vir die rit te Fauresmith, waar hulle teen die Suid-Afrikaanse span meegeding het

eensydige wedloop of liewer *non*-wedloop? Hoe kan uniespanne meeding teen 'n span bestaande uit Suid-Afrika se beste ruiters?

Dan is daar die risiko waaraan perde blootgestel word. Om tydens ritte te mik vir kwalifiserende tye, is straf en heelwat van hierdie perde eindig op die krukkelys. Don't fool yourself – *speed kills*! Perde wat drie of vier sulke uitmergelende ritte gedurende die seisoen gery het, kry swaar by Fauresmith met drie agtereenvolgende dae van hoë spoed. Is dit toevallig dat die enigste perd wat al ooit vir ses jaar agtereenvolgens onder die top tien by Fauresmith kon klaarmaak – waarvan twee wenne was – nooit op die kortlys vir die SA span was nie? (Ek verwys hier na Benhani Pride, gery deur Hanlie Scott.) Is dit toevallig dat al meer ruiters die seisoen voor Fauresmith rustiger benader, om dan op Fauresmith te kan ry vir 'n plek onder die top tien?

En dan is daar die vraag of die voorgeestelsel regtig werk. Hoekom eindig ruiters wat hulle kwalifiserende tye oor stadiger bane gery het, selde onder die top tien by Fauresmith? Is dit omdat ruiter en perd nie kan aanpas by die eise wat die werklike (teenoor "gekorrigeer volgens voorgee") spoed van 25 km/h aan hulle stel nie?

Maak die las ligter

Kom ons doen weg met kwalifiserende tye! Kom ons spaar ons perde liewer daardie bykomende las en risiko! Kom ons kies spanne volgens ander riglyne – spanne wat op internasionale vlak kan deelneem. Kom ons bied 'n Suider-Afrikareeks van byeenkomste aan, alles onder die FEI-reëls, maar nie met al die wedlope in dieselfde formaat nie en nie alles in dieselfde kalenderjaar nie.

Wat van twee ritte van 160 km (senior) en 120 km (junior en jong ruiters), een rit van 130 km (vir almal) en een rit van twee dae met 80 km per dag (ook vir almal), versprei oor 'n tydperk van twee jaar? Ook verskillende spanne vir elke byeenkoms, wat dan beide die 160 km spesialiste en die 80 km spesialiste kans gee om gekies te word. Die plek kan wissel tussen verskillende geskikte ritbasisse. Dit sal ook klubs wat nie kans sien vir die langer ritte nie, kans gee om by die organisasie betrokke te wees. Kom ons dink buite die kassie – nuut en kreatief! DR